## VERJAARDAE/HERDENKINGS GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam en van |
|---|---|---|
| So | 19/10 | **Hendrik du Plessis (3)**, Wyk 7 |
| Di | 21/10 | **Theoné Roets**,. Wyk 1 |
| | | **Johannes Viljoen**, Wyk 2 |
| Wo | 22/10 | **Tjaart du Plessis (86)**, Wyk 10 |
| Do | 23/10 | **Adelé Havenga**, Wyk 4 |

**Sing met meelewing:** Psalm 145: 11

## DIAKONIE SE KOSKAS




**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.

(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).



## HAMBURGERBRAAI

**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**

- VRYDAGAAND 24 OKTOBER



Ons kuier gesellig saam vanaf 17:00 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☏ 018 294 4600 of ☏ 082 923 1384



**R 35** per hamburger. Pannekoek **R 5.** **Worsbroodjies R 35**



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 35 Sondag 19 Oktober 2025
*REDAKTEUR:* RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 — **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** — **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** — **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste kategese en Huis Eikelaan:**
**Ouderlinge:** Wyk 9 **Harm Stavast** en Wyk 10 **Fanie Jooste**
**Diaken:** Wyk 9 **Ruan van Heerden** en Wyk 10 **Pieter Jooste**
**Skinkbeurt:** Wyke 2 en 3: Susters **Elsa Reynecke** en **Dina Coetsee**

**EREDIENSTE** Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30 en aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

**OGGEND Woordbediening:** 1 Samuel 23:14-28.
**Fokusvers:** 1 Samuel 23:28.
**TEMA:** ***God gee versterking en redding deur die Rots van skeiding.***
**Sing:** Skrifberyming 20-1: 1, 6; Psalm 31: 5, 12; Psalm 61: 2, 3; Psalm 18: 9, 15.
**Sing met meelewing:** Psalm 145:11.

**AAND om 18:00 : Woordbediening:** Johannes 10.
**Fokusverse:** Johannes 10:28, 29.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5, paragraaf 3.
**TEMA:** ***Die Goeie Herder bewaar die uitverkorenes in sy genade.***
**Sing:** Psalm 23:1; Psalm 138: 1, 4; Skrifberyming 11-1 [22]: 11; Skrifberyming 14-3 [53]: 1;
Psalm 23 (GBA Gerdener): 2, 3 (na die wegstuurseën)

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir *Bybelverspreiding*. Volgende week – *Thusofonds*
**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI).

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Ons is dankbaar vir die mate van beterskap wat **Netta Schutte** ontvang nadat sy geval het, haar femur gebreek het en 'n operasie in Unitas hospitaal moes ondergaan. Ons bid dat Netta sodanig mag herstel dat sy spoedig ontslaan sal word en bid haar en Paul krag en sterkte toe, ook in die rehabilitasiepad wat nou weer vir Netta voorlê.

**Malie Wyma** moes Vrydagoggend 'n afspraak by die chirurg nakom. Ons gebed is dat ons hemelse Vader vir u uitkoms sal gee deur die dokter se behandeling. Ons dank Hom vir die vrede wat u en Klaas in hierdie tyd mag ervaar.

**Susan Coetzee** verwag die uitslae van 'n beenmurg-biopsie wat voor hulle vertrek met vakansie na die Kaap geneem is. Ons gebed is dat die dokters leiding mag ontvang om te kan bepaal wat die oorsaak van die chroniese ystertekort is en dat daar deur hulle behandeling vir u beterskap en lewenskwaliteit mag wees.

Ons volhard ook in ons voorbidding vir **Lettie Vorster** wat aansterk nadat sy verlede week skade aan sagte weefsel opgedoen het, gehospitaliseer moes word en nou in die versorgingseenheid van Samuel Broadbent aansterk.

**Rudy van der Spoel** sterk ook nog aan nadat hy die afgelope tyd kort na mekaar stents moes ontvang. Ons bede is dat u in u kragte mag versterk word en dat u saam met Nelly lewenskwaliteit mag geniet.

**Ronel Erasmus** as die afgelope week in Mooimed vir ondersoeke en toetse. Ons bede vir haar en ook vir Danie en hulle dierbares, is dat die uitslae gunstig sal wees.

2

Ons doen graag voorbidding vir **Magda Pelser-van der Merwe** wat DV Woensdag by die Ooginstituut in Pretoria 'n prosedure moet ondergaan. Ons gebed is dat sy en Theo die troosvolle en versterkende nabyheid van ons hemelse Vader mag ervaar.

**DANKBAARHEID** Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het. *Ons deel in **Loffie en Tillie Eloff** se dankbaarheid en vreugde in die Here. Daar is vroeg Donderdagaand vir hulle 'n kleindogter in Kanada gebore. Mag die God van wordende geslagte haar in sy goedheid en ontferming hou en mag u - selfs oor die groot afstand heen - baie vreugde uit haar put.*

**MEEGEVOEL**
Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**
Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

Ons verwelkom **prof. Callie en Susan Coetzee** graag terug nadat hulle vir twee weke in die Kaap met vakansie was. Ons bid u ryke seën toe op u dienswerk in die gemeente, prof. Callie, en dat u en Susan met nuwe krag mag volhard in die wedloop van die geloof.

**Prof Callie:** Toe ons nou in die Kaap was, het ons vir **Jeanette Fourie** gesien. Sy laat weet groete en liefde vir almal.

---

**HERVORMINGSDIENS: SONDAGAAND 26 OKTOBER OM 18:00**
Dit is die gebruik van die Gereformeerde Kerke in Potchefstroom dat die aanddiens op **Hervormingsondag** 'n gesamentlike erediens is. DIe erediens vind in die

kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Die Bult onder toesig van die Gereformeerde Kerk Cachet plaas en begin om 18:00.



## ALGEMENE AFKONDIGINGS

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 19/10 | 15:30 | Erediens Huis Eikelaan | Kapel |
| Di | 21/10 | 08:30 | Predikantebyeenkoms | GK Potch-Bult |
| | | 10:00 | Teologiese studente | Bovertrek |
| | | 15:00 | Bybelstudie: Huis Eikelaan | Rooi sikamer |
| Wo | 22/10 | 18:00 | Bybelstudie: 2 Korintiërs Studie 3 | Konsistorie |
| Do | 23/10 | 10:30 | Bybelstudie: 2 Korintiërs 1: 1-10 | Kerksaal |
| **Vr** | **24/10** | **17:00** | **Gemeente-aand en hamburgers, pannekoek** | Kerkterrein |
| So | 26/10 | 09:00 | Klassis Contracta (emeritaat) | GK Potch-Bult |
| | | 18:00 | Hervormingsdag erediens olv GK Cachet | GK Potch-Bult |
| Di | 30/10 | 18:00 | Beplanningskommissie | Kerkkantoor |

| KATKISASIE | Sondag 19 Oktober | Sondag 26 Oktober |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 20 | Les 21 |
| **Lesrooster:** | Les 20 | Les 21 |
| **Psalmvers:** | Psalms 47:1 | Psalms 47: 1 |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 20 | Sondag 21 |
| **Memoriseerwerk** | Twaalf Artikels | Twaalf Artikels |

**BYBELSTUDIE**

* Die Bybelstudie by Huis Eikelaan vind plaas in die rooi sitkamer om 15:00. Almal is welkom.
- Woensdagaand 22 Oktober om 18:00 in die konsistorie: studie 3 van 2 Korintiërs.
- Donderdagoggend 23 Oktober om 10:30 in die kerksaal: ***Troos na Trauma***, 2 Korintiërs 1:1-10.



## BEPLANNING 2026

Die Beplanningskommissie van die kerkraad vergader op 30 Oktober. Al lyk dit nog ver in die toekoms, moet *al* die datums vir 2026 (alle kommissies en ook al die susters-aktiwiteite) teen daardie stadium gereed wees vir die 2026 kalender. U word gevra om asb. in die volgende 2 weke aan u beplanning vir 2026 dringend aandag te gee, en dit betyds na die kerkkantoor deur te gee.

**GKSA ALMANAK 2026**

Die Almanak vir 2026 kan nog by Malie/Pieter bestel word tot en met 19 Oktober.
Koste is R135. Die bedrag kan verkieslik in die Kerk se rekening inbetaal word met u naam en van as verwysing, of andersins kontant.

## KARWAGTE

*Lidmate word opgeroep om by te dra vir die karwagte (Jafta).*
*Dit kan afgedra word in die houtbussies by die deure.*

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening. Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.



# VAN DIE SUSTERS

## LAASTE PANNEKOEKBAK VIR DIE JAAR

Verlede naweek het ons die laaste pannekoekbeurt vir die jaar waargeneem. Alhoewel dit stiller was met Aardklop en die vakansie, het ons steeds 80 liter deeg gebak en verkoop en R6 873 wins gemaak.
Baie dankie aan elke suster vir bydraes en hulp. Hierdie projek het vir ons goeie geld ingebring wat ons kan terugploeg in ons gemeente en ook na buite. Die jaar se wins beloop ongeveer R44 000, wat louter genade van Bo is.

## SOMERFEES

**Die Susters se verkoping van Saterdag 1 NOVEMBER 2025**
Die somerfees kruip vinnig nader!
Sal elke suster tog seker maak dat jy iets bydra? Niks is te klein nie. Kontak jou wyksuster as jy nog nie het nie.
Daar is ook stalletjies beskikbaar @ R150 per stalletjie.
Geen kos nie. Geen kragpunte nie. Kontak vir Alta 083 361 2490 of Marli 079 166 9720.
**Kom ons maak dit 'n heerlike saamkuier!**

Ons gaan die volgende tafels aanbied:
**Gebak en Naaldwerk** (Elsa Reinecke –),
**Pannekoek** (Marlise Stoop –),
**Kinderpret** (Yolandè van Dyk –),
**Kerrie en Rys** (Ineke Bakker –),
**Poedings** (Anri van Heerden –),
**Wit Olifanttafel** (Flip Mostert –),
**Worsbroodjies/Wors en pap** (Dina Coetsee –).

## WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?:

Die Susters van wyke 2 EN 3 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet



# UIT KERKVERBAND

## EMERITERING

Ds Fanie Coetzee van GK Potchefstroom-Die Bult lewer op Sondag, 26 Oktober 2025, sy afskeidspreek waarna hy sy emeritaat aan die einde van Oktober 2025 aanvaar.

## BEROEPE AANVAAR




- Dr JA (Jannie) Erasmus van GK Odendaalsrus na GK Potchefstroom-Die Bult
- Ds GP (Gerrie) van Rhyn van GK Komatipoort na GK Brits

Beste Geref Gemeente - Potchefstroom
Ons herdenk vanjaar 'n belangrike mylpaal – 70 jaar van Geopende Dternasionaal wat in geloof en diens vir vervolgde familidel, a eer van God. Ons is dankbaar vir elke tree en elke pe wat d die reis was.
Terwyl ons met dankbaarheid terugkyk, kyk ons ook doelbewus vorentoe. Hier is wat dié kwartaal gebeur en hoe jy kan voortgaan om

deel van die storie te wees.

**70 jaar van impak**

Geopende Deure het op 15 Julie presies 70 jaar gelede ontstaan. Dit was 70 jaar van versterking van wat oorbly en op die punt staan om te sterf deur getrou te dien, voortdurend te bid en aksie te neem om ons vervolgde familie in Christus te ondersteun. Niks hiervan sou moontlik wees sonder vennote soos jy nie, wat ons al die jare ondersteun en saam met ons gebid het.